

LL

Saak No 209/1984IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKAAPPÈLAFDELING

Insake die appèl van:

MARTHINUS CHRISTOFFEL BARNARD

Appellant

teen

DIE STAAT

Respondent

CORAM:JANSEN, VAN HEERDEN ARR et

NESTADT WAR

VERHOORDATUM:

17 MAART 1986

LEWERINGSDATUM:

24 MAART 1986

UITSPRAAK

/VAN HEERDEN AR ...

VAN HEERDEN AR:

Die gebeure wat hul in die vroeë oggendure van 17 Februarie 1983 in die omgewing van die Hooggereshofgebou in Pietermaritzburg afgespeel het, herinner aan 'n tragikomedie. Die een oomblik het wyle Brian James Eudey, 'n jong man in die fleur van sy lewe, nog in 'n gees van uitbundigheid die stadstilte met terugplowwe van sy voertuig versteur. Die volgende oomblik is hy noodlottig getref deur koeëls uit die pistool van die appellant, 'n konstabel en eweneens 'n jong man. As gevolg van 'n sameloop van omstandighede wat tereg as bizar bestempel kan word, is hy naamlik weens 'n aaklige vergissing verkeerdelik deur die appellant as 'n terroris aangesien.

Hierdie gebeure het gelei tot die appellant se vervolging in die Natalse Provinsiale Afdeling op 'n aanklag van moord. Hy is deur Nienaber R en assessore

/aan ..

aan strafbare manslag skuldig bevind en gevonnissen tot drie jaar gevangenisstraf, wat voorwaardelik opgeskort is, asook 'n boete van R3 000 of 'n verdere 3 jaar gevangenisstraf. Met verlof van hierdie Hof is die appèl slegs teen die skuldigbevinding gerig.

Weens die bevinding waartoe ek gekom het, hoef slegs die volgende, bondige weergawe gegee te word van agtergrondsfeite wat nie in geskil is nie.

Twee dae voor die noodlottige gebeure leer die appellant hoe om sy bakkie te laat terugploff. Hy kan dit doen deur die aansluitingsmeganisme van die voertuig aan en af te draai; altans wanneer dit in beweging is. Omstreeks 2 vm op 17 Februarie ry die oorledene en 'n vriendin in die bakkie in Pietermaritzburg rond, o a in Collegeweg wat voor die Hooggeregshofgebou ("die hof") verby loop. (Collegeweg word Wesstraat maar gerieflikheidshalwe verwys ek na dié twee strate as een straat met eersgenoemde naam.) Op 'n paar geleenthede

/veroorsoak ...

veroorzaak die bakkie as gevolg van terugploffing knal-
geluide. Die dame word afgelaai en die oorledene en
n vriend, ene Currie, durf weer die leë strate aan.
Soos voorheen word die bakkie deur die appellant be-
stuur. Hulle ry weer in Collegeweg verby die hof,
draai kort daarna in Park Drive af en ry n paar draaie
in die omgewing. Die oorledene draai terug in Park
Drive en hou stil by n stopteken by die kruising van
hierdie straat en Collegeweg. Tot dusver het die
oorledene telkens die bakkie laat terugplof. Hy draai
nou regs in Collegeweg, d w s in die teenoorgestelde
rigting as wat hy sou moes volg indien hy weer by die hof
verby wou ry. Alvorens die bakkie n afstand van by-
kans 60 meter in Collegeweg beweeg het, word die oorle-
dene o a in die kop en die hart getref. Hy sterf
onmiddellik.

Die appellant was die aand van 16 Februarie op
patrolliediens. Hy was geklee in n uniform en het n

/polisiepet ...

polisiepet gedra. Hy was in beheer van 'n voertuig met 'n tweerigting radio. Saam met hom was konstabel Mzila. Omstreeks 2 nm op 17 Februarie het radiobeheer hom meegedeel dat skote by die hof afgevuur was. Kort vantevore is 'n aanval op dié gebou deur terroriste geloods en die polisie is gewaarsku dat nog aanslagte op hofgeboue te wagte kon wees. As gevolg van dié berig is die appellant na die hof waar die nagwag hom meegedeel het dat iemand met 'n vuurwapen vanuit 'n sportterrein op hom geskiet het.

Net daarna hoor die appellant skote weergalm. Hy sien 'n bakkie wat regs draai in Collegeweg en in die rigting van die hof beweeg. Hy hoor weer 'n skoot en meen dat daar vanuit die bakkie op hom geskiet word. Die voertuig draai links in Park Drive en vir die appellant klink dit daarna of 'n klein oorloggie aan die gang is soos die nagstilte die knalgeluide oordra. Die appellant en Mzila klim daarop in hulle voertuig en gaan

/hou ...

hou stil in Collegeweg ongeveer 40 meter kort van die kruising met Park Drive, d w s aan die hof se kant van die kruising. Nou klim die appellant uit sy voertuig. Hy hoor nog verdere skote uit die omgewing van die agterkant van die hof en sien 'n voertuig in Park Drive indraai en daarna by die reedsgenoemde stopteken tot stilstand kom. Hy is vas onder die indruk dat daar terroriste in die voertuig is. Volgende op insidente wat in geskil is, sien hy die voertuig regs draai in Collegeweg, d w s weg van sy eie voertuig. Hy vuur eers vier skote na die bande van die bewegende voertuig. Niks gebeur nie en die bakkie ry voort. Nou mik hy doelbewus na die bestuurder. Hy vuur nog 'n aantal skote en drie daarvan tref die oorledene. Die oorledene sak inmekaar en Currie slaag daarin om die bakkie tot stilstand te bring.

In stryd met die appellant se verwagting word geen vuurwapen in of naby die bakkie gevind nie. Maar

/die ...

die koeëlgate in die bakkie en die oorledene se lyk is stomme getuienis dat die appellant helaas nooit skote van 'n vuurwapen (behalwe sy eie) gehoor het nie, maar inderdaad slegs knalgeluide wat nes skote geklink het, en dat hy dus as gevolg van 'n tragiese dwaling die oorledene se dood veroorsaak het.

By die verhoor het die appellant hom beroep op die bepalinge van art 49 (2) van die Strafproseswet 51 van 1977 ("die nuwe wet"). 'n Hele aantal regsaspekte is aan die einde van die verhoor gedebatteer, oa of die bewyslas betreffende die vereistes van die artikel op die appellant gerus het en of art 49 (2) saam met art 49 (1) gelees moet word. Die verhoorhof het ten gunste van die appellant veronderstel dat eersgenoemde subartikel vierkantig op sy eie bene staan, en dat die respondent moes bewys dat die doodslag nie weens die bepalinge daarvan geregverdig was nie. Nietemin is bevind dat die respondent hom van dié bewyslas gekwytdaag het, maar dat wederregtelik-

/heidsbewussyn ...

heidsbewussyn ontbreek het. Vandaar die skuldigbevinding aan strafbare manslag in teenstelling tot moord.

Ek keer later in meer besonderhede terug na die feitlike bevindings van die verhoorhof. Op hierdie stadium is dit egter dienstig om die veronderstellings wat gemaak is nader onder oënskou te neem. Die tweede een lewer geen probleme op nie. In S v Swanepoel 1985 (1) SA 576 (A), het hierdie hof naamlik beslis dat wanneer 'n beskuldigde van moord of strafbare manslag aangekla word, en hy hom beroep op die beskerming wat art 49 (2) verleen, hy moet bewys dat aan die vereistes daarvan voldoen is.

Wat die eerste veronderstelling betref, is dit nodig om op die bewoording van die twee subartikels te let. Hulle lees soos volg:

"(1) Indien iemand wat ingevolge hierdie Wet gemagtig is om 'n ander in hegtenis te neem of om met sy inhegtenisneming behulpsaam te wees, poog om so 'n persoon

/in ...

in hegtenis te neem en so 'n persoon:

(a) hom teen die poging verset en nie sonder die aanwending van geweld in hegtenis geneem kan word nie; of

(b) vlug wanneer dit duidelik is dat 'n poging gedoen word om hom in hegtenis te neem, of hom teen die poging verset en vlug,

kan die aldus gemagtigde persoon, ten einde die inhegtenisneming uit te voer, die geweld aanwend wat in die omstandighede redelikerwys nodig is om die verset te bowe te kom of om die betrokke persoon te verhinder om te vlug.

(2) Waar die betrokke persoon in hegtenis geneem staan te word weens 'n in Bylae 1 bedoelde misdryf of in hegtenis geneem staan te word op grond daarvan dat hy redelikerwys verdink word so 'n misdryf te gepleeg het, en die persoon wat in-gevolge hierdie Wet gemagtig is om hom in hegtenis te neem of om met sy inhegtenisneming behulpsaam te wees, hom nie op 'n ander wyse in hegtenis kan neem of kan verhinder om te vlug as deur hom te dood nie, word die doding geag straffelose doodslag te wees."

Subartikel 1 slaan op geweld wat nie die dood van 'n persoon veroorsaak nie, terwyl die tweede subartikel

juis op doodslag betrekking het. In die onmiddellike voorganger van art 49, nl art 37 van die Strafproseswet 56 van 1956 ("die ou wet"), soos ook in art 44 van Wet 31 van 1917, is streng volgens woordlui slegs vir die uitsluiting van strafregtelike aanspreeklikheid ten opsigte van doodslag voorsiening gemaak. Soos Botha AR egter in Macu v Du Toit en 'n Ander 1983 (4) SA 629 (A) 640, aangedui het, het daar onsekerheid bestaan oor die trefwydte van art 37 van die ou wet, en meer bepaald oor die vraag of dit in bepaalde gevalle aanspreeklikheid vir 'n mindere vorm van liggaamsaantasting as doding uitgesluit het. Soos Botha AR tereg aange- toon het, is dit redelik om te aanvaar dat die wetgewer beoog het om dié onsekerheid uit die weg te ruim deur in art 49 van die nuwe wet twee aparte subartikels van toepassing te maak op enersyds geweld wat die dood van 'n persoon tot gevolg het, en andersyds geweld met 'n andersoortige gevolg, soos bv liggaamlike besering.

/Die ...

Die rede waarom dit goed gevind is om in die nuwe wet sodanige voorsiening te maak, lê voor die hand. Die wetgewer het naamlik beoog dat doodslag onstrafwaardig moet wees slegs ten opsigte van "ernstiger" misdade, d w s misdrywe vermeld in die eerste bylae tot die wet. Daar is dus geen rede om te vermoed nie dat die wetgewer van die vereistes vir 'n geslaagde beroep op die bepalings van art 37 van die ou wet, en wat in art 49 (1) van die nuwe wet beliggaam is, nie ook ingevolge art 49 (2) vir geregverdigde doodslag wou laat geld nie.

Die vraag wat pertinent in hierdie appèl ter sprake kom, is of die vereiste van art 49 (1) dat die te gearresteerde persoon moet "vlug wanneer dit duidelik is dat 'n poging gedoen word om hom in hegtenis te neem", ook van toepassing is vir die doeleindes van art 49 (2). Hierdie vraag is bevestigend beantwoord deur Botha AR in sy minderheidsuitspraak in Macu, supra. Hy

/het ...

het sy gevolgtrekking soos volg geformuleer (op pp 641-2):

"Ek het reeds daarop gewys hoe die bewoord-
ing van die ou art 37 (1) in die nuwe art
49 (2) gewysig is. Die inleidende woorde
van art 49 (2):

'Waar die betrokke persoon in hegte-
nis geneem staan te word ...',

verwys klaarblyklik, soos ek reeds gesê het,
na die persoon wat genoem word in art 49 (1):
dit is 'n persoon ten opsigte van wie 'n poging
aangewend word om hom in hegtenis te neem en
wat

'(a) hom teen die poging verset en
nie sonder die aanwending van
geweld in hegtenis geneem kan
word nie; of

(b) vlug wanneer dit duidelik is dat
'n poging gedoen word om hom in
hegtenis te neem ...'

(Die verdere woorde 'of hom teen die poging
verset en vlug' behoef geen bespreking nie,
omdat dit klaarblyklik slegs beoog om voor-
siening te maak vir 'n geval waar die omstan-
dighede van sowel para (a) as para (b) aan-
wesig is.) Dit is duidelik, volgens my
mening, dat die beperkende woorde van para
(b), wat 'n voorvereiste daarstel vir die aan-
wending van geweld wanneer iemand vlug, ook
van krag is by die toepassing van art 49 (2).
Dit is waar dat hierdie vertolking neerkom op
die aanvaarding van 'n nuwe beperking op die
magtiging van die gebruik van geweld by 'n

/inhegtenisneming ...

in hegtenisneming, wat nie voorheen bestaan het nie, maar so 'n resultaat is myns insiens onvermydelik aan die hand van die nuwe bevoording van die wetsbepalings. Dit sou onlogies wees om die verwysing na 'die betrokke persoon' te lees as 'n verwysing bloot na 'n persoon wat vlug, sonder die bykomende vereiste 'wanneer dit duidelik is dat 'n poging gedoen word om hom in hegtenis te neem', net soos daar geen rede is nie om die verwysing na 'n persoon wat hom verset te lees sonder die bykomende gedagte van 'en nie sonder die aanwending van geweld in hegtenis geneem kan word nie'."

Hierdie motivering van Botha AR is nie in stryd met enigiets wat in die meerderheidsuitspraak gesê is nie, en ek vereenselwig my volmondig daarmee. Ek sou egter ook die volgende oorweging opper. In beide die meerderheids- en minderheidsuitsprake is beslis dat die sinsnede (in art 49(1)(b)) "vlug wanneer dit duidelik is dat 'n poging gedoen word om hom in hegtenis te neem" meebring dat dit vir die persoon wat gearresteer staan te word duidelik moet wees dat die gemagtigde poog om hom te arresteer (Macu pp 633 en 644). Hy moet dan vlug met die opset

/om ...

om die poging te fnuik. Indien dié vereistes nie by art 49 (2) betrek sou word nie, sou dit tot die onhoudbare resultaat lei dat mindere vereistes vir regverdiging van doodslag geld as vir, sê, 'n ligte graad van verwonding binne die raamwerk van art 49 (1).

Derhalwe het die appellant se advokaat in hierdie hof tereg toegegee dat art 49 (2) saam met eersgenoemde subartikel gelees moet word.

Ingevolge art 40 (1) (b) van die nuwe wet kan 'n vredesbeampte iemand sonder lasbrief in hegtenis neem indien hy dié persoon redelikerwyse verdink dat hy 'n in die eerste bylae bedoelde misdryf gepleeg het (behalwe een omskrewe misdryf wat nie ter sake is nie). Die appellant was 'n vredesbeampte wat sonder 'n lasbrief opgetree het, en dit staan vas dat hy die insittendes van die bakkie verdink het van sodanige misdryf (terroristiese bedrywighede binne die raamwerk van wet 74 van 1982). In die lig van die voorgaande kan die

/vereistes ...

vereistes van art 49 (2) wat vir die doeleindes van hierdie appèl ter sake is, nou soos volg getabuleer word:

(a) Die appellant moes die insittendes redelikerwyse van die pleging van die betrokke misdryf verdink het.

(b) Die oorledene (en Currie) moes in hegtenis geneem staan te gewees het.

(c) Die oorledene moes bewus gewees het van 'n voorneme van die appellant, wat dus kenbaar gemaak moes gewees het, om hom in hegtenis te neem.

(d) Die oorledene moes met daardie bewussyn gevlug het, dws gepoog het om inhegtenisneming te ontduik deur ontvlugting.

(e) Ten einde uiteindelijke ontvlugting te verhoed moes daar geen uitweg gewees het anders as om die oorledene te dood nie.

/Indien ...

Indien die appellant bewys het dat al vyf vereistes bevredig was, sou hy nie aan enige misdaad skuldig bevind kon word nie. Hy sou hom dan met sukses op 'n statutêre regverdigingsgrond kon beroep het omdat hy bewys het dat die doodslag nie onregmatig was nie. Dit volg egter nie dat indien nie aan een of meer van die vereistes voldoen is nie, die appellant wel 'n misdaad gepleeg het nie. Hy is juis nie aan moord skuldig bevind nie omdat wederregteliksheidsbewussyn ontbreek het. Al was die doodslag wederregtelik, sou die nodige skuldvorm gevolglik aanwesig moes wees ten einde strafregtelike aanspreeklikheid mee te bring. Wat strafbare manslag betref, waar die skuldvorm nalatigheid is, sou die appellant derhalwe nie aldus aanspreeklik gewees het nie "indien hy redelikerwyse geglo het" dat al die genoemde vereistes bevredig was. (Ek gebruik die frase in aanhalingstekens as 'n elliptiese maar gerieflike ekwivalent van

/"indien ...

"indien 'n redelike persoon in sy plek sou geglo het".)

In Swanepoel, supra, het die Hoofregter twyfel uitgespreek aangaande die juistheid van 'n betoog dat indien 'n gemagtigde wat 'n persoon wil arresteer op redelike gronde glo dat laasgenoemde vlug, die persoon dan inderdaad beskou moet word as iemand wat vlug. Dié betoog is egter benader met die oog op die regverdigingsvereistes van art 49 (2) en nie met verwysing na die skuldvraag nie. Dit kom my dan ook met eerbied voor dat in R v Koning 1953 (3) SA 220 (T) 225, Ramsbottom R betreffende 'n statutêre bepaling soortgelyk aan art 49 nagelaat het om die onderskeid tussen wederregtelikheds- en skuldvereistes voor oë te hou.

Normaalweg moet die Staat die nodige skuldform bewys. In 'n geval soos die onderhawige meen ek egter dat in die lig van die oorwegings geopper in Swanepoel dit vanself volg dat die beskuldigde die afwesigheid van skuld met betrekking tot die vereistes

/van ...

van art 49 (2) moet aantoon, altans wat nalatigheid betref. 'n Beroep op die afwesigheid van skuld in so 'n geval sluit immers onregstreeks 'n beroep op die subartikel in, sodat die wederregtelikhedsvraag en die skuldvraag grotendeels, en betreffende die al of nie aanwesigheid van nalatigheid feitlik altyd, in die lig van dieselfde feite beantwoord moet word. Indien die bewyslas onder bespreking op die Staat sou rus, sou die onhoudbare situasie kon ontstaan dat die onus rakende een en dieselfde feitekompleks nou op die beskuldigde en dan weer op die Staat sou rus. Gestel byvoorbeeld dat indien XYZ bestaan, dit die afleiding regverdig dat die te gearresteerde persoon gevlug het om inhegtenisneming te vermy. Gestel voorts dat in die afwesigheid van XYZ dit duidelik is dat 'n redelike persoon nie sou gedink het dat bedoelde persoon inderdaad gevlug het nie. Ten einde op geregverdigde doodslag ooreenkomstig art 49 (2) te steun, sou die

/beskuldigde ...

beskuldigde XYZ moes bewys. Indien hy hom nie van hierdie las sou kwyd nie, sou 'n bevinding van onregmatige doding volg. Maar indien die bewyslas betreffende skuld met betrekking tot die vereistes van die subartikel op die Staat sou rus, sou dit daarna op sy beurt die afwesigheid van XYZ moes aantoon ten einde nalatigheid en derhalwe strafregtelike aanspreeklikheid te bewys!

Soos reeds genoem, het die Hoofregter in Swanepoel dit onnodig gevind om uitsluitel te gee oor die aanvaarbaarheid van 'n betoog dat aan die betrokke regmatigheidsvereiste van art 49 (2) voldoen word indien die beskuldigde redelikerwyse dink dat die te gearresteerde persoon vlug. Daarna het hy die volgende gesê (op p 590):

"Ek is gevolglik van mening dat die appellant se beroep op art 49 nie kan slaag nie. Hierdie bevinding maak natuurlik nog nie 'n einde aan die saak nie: dit beteken

/slegs ...

slegs dat die appellant nie geregtig is op die beskerming wat art 49 (2) bied nie. Die Staat moet nog steeds bewys dat hy skuldig is aan moord of aan 'n ander misdaad waaraan hy by 'n aanklag van moord skuldig bevind kan word."

Dit is duidelik, meen ek, dat die Hoofregter nie die bewyslas betreffende die aan- of afwesigheid van skuld met betrekking tot die meermaal genoemde vereistes in gedagte gehad het nie. In Swanepoel was die appellant (beskuldigde) se weergawe naamlik dat hy nie sy vuurwapen op die oorledene gerig het toe hy die noodlottige skoot afgevuur het nie. Al wat dus in die aangehaalde passasie te kenne gegee is, was dat die Staat skuld moes bewys het in die sin dat die appellant die dood van die oorledene opsetlik of nalatig veroorzaak het. In verband met daardie kwessie was art 49 (2) nie eens onregstreeks ter sprake nie. Gevolglik is die passasie geensins in stryd met die gevolgtrekking waartoe ek hierbo gekom het nie.

/Ek ...

Ek kom dan by die aspekte van die gebeure onmiddellik voor die noodlottige skietery wat in geskil is, en die verhoorhof se bevindings dienaangaande. Die appellant getuig dat nadat hy sy voertuig in Collegeweg geparkeer en uitgeklim het, hy sy passasier aangesê het om aan die sypaadjiekant van die voertuig te skuil. Hy self het stelling voor die voertuig ingeneem. Die hoofligte daarvan het gebrand, alhoewel dié verdof was, en bowendien was hy feitlik direk onder 'n straatlamp. Toe die bakkie ongeveer 14 - 15 meter vanaf die reedsgenoemde stopteken was, het hy nog 'n skoot gehoor. Hy het geskrik want hy het geglo daar word op hom gevuur. Hy het dus gekoets. Toe die bakkie by die stopteken stilhou, het hy orent gekom, sy regterhand in die lug gesteek en geskreeu: "Halt, police. Come here." Dit het hy tweekeer gedoen. Die bakkie het egter weggetrek en daar het weer 'n skoot weergalm. Hy het onmiddellik op sy knieë

/gesak ...

gesak, sy vuurwapen uit die skede getrek en vier skote op die bakkie se wiele gevuur. Toe die bakkie egter sy draai vanuit Park Drive in Collegeweg voltooi het, het hy na die bestuurder geskiet.

Hiërdie weergawe is tot 'n mate deur die getuienis van die passasier, Mzila, gestaaf. Hy beaam dat die appellant wel voor hul voertuig gestaan het, sy hand opgelig het en die insittendes van die bakkie beveel het om te stop. Hy sê egter dat die appellant nooit op sy knieë gestaan het nie, en meld dat die appellant se rewolwer op 'n stadium grondwaarts gewys het.

Currie ontken dat die bakkie teruggeplof het nadat dit verby die stopteken beweeg het en sê dat hy geen knalgeluid gehoor het nie voordat die bakkie feitlik sy draai na regs in Collegeweg voltooi het. Daarna was daar wel sodanige geluide wat hom laat dink het dat die bakkie terugplof. Uit die oorledene se

/reaksie ...

reaksie was dit vir hom duidelik dat dit ook eersgenoemde se indruk was.

Currie getuig voorts dat terwyl die bakkie by die stopteken stilgestaan het, hy na links in Collegeweg gekyk het om te sien of daar aankomende verkeer was. Hy het 'n geparkeerde voertuig (klaarblyklik dié van die appellant) gesien maar het niemand in of buite die voertuig opgemerk nie. Hy het ook niemand hoor skreeu nie. Hoewel hy van mening was dat die hoofligte van die voertuig nie gebrand het nie, het hy toegegee dat sy indruk moontlik verkeerd kon wees. Die appellant sou egter 'n leuen vertel, aldus sy getuienis, indien hy sou sê dat hy voor die geparkeerde voertuig gestaan het.

Die verhoorhof het bevind dat Currie 'n eerlike getuie was maar dat sy getuienis met omsigtigheid benader moet word; hoofsaaklik omdat hy 'n vriend van die oorledene was, hy tot 'n mate onder die invloed van

/drank ...

drank was en hy "kennelik fouteer" het deur te sê dat die appellant nie buite sy voertuig was nie. Laasgenoemde punt van kritiek is na my mening ongegrond want Currie het nooit betwis dat die appellant uit sy voertuig geklim het nie. Al waaroor hy onvermurfbaar was, was dat die appellant op die tersaaklike tydstip nie voor die geparkeerde voertuig gestaan het nie.

Mzila se getuienis moet volgens die oordeel van die verhoorhof met nog groter omsigtigheid benader word. Hy was, aldus die uitspraak, alles behalwe 'n betroubare getuie op wie se waarnemings peil getrek kon word. Ek vind dit egter onnodig om in besonderhede te verwys na die geregverdigde kritiek wat teen sy getuienis uitgespreek is.

Aangaande die appellant is bevind dat hy nie 'n "doelbewuste, leuenagtige" getuie was nie. Daar was egter onbevredigende aspekte in sy getuienis en

/die ...

die hof se indruk was dat hy soms oordryf het en sy getuienis aangepas het al na gelang dit sy verweer die beste gepas het. Hoe hierdie indruk te rym is met die eerste bevinding is nie so duidelik nie, tensy die hof van mening was dat die appellant later eerlik, maar verkeerdelik, geglo het dat sekere dinge al of nie gebeur het.

Na ontleding van die getuienis en die waarskynlikhede het die hof o a bevind dat die appellant hom nie so opsigtelik gemaak het as wat hy voorgesê het nie. Voorts is bevind dat die appellant nie redelikerwyse kon geglo het dat die insittendes van die bakkie terroristiese bedrywighede gepleeg het nie, en ook dat die doodskiet van die oorledene in elk geval nie die enigste wyse was waarop die appellant kon verhoed dat die verdagtes ontvlug nie.

Omdat die verhoorhof ten gunste van die appellant veronderstel het dat art 49 (2) van die

/nuwe ...

nuwe wet as't ware op sy eie bene staan, is geen definitiewe mening uitgespreek aangaande vereistes (c) en (d) hierbo nie. Dit ly egter geen twyfel nie dat die oorledene nie bewus was van enige voorneme van die appellant om hom in hegtenis te neem nie, en derhalwe ook nie gevlug het om in hegtenisneming te fnuik nie. Indien die appellant dus nie redelikerwyse gedink het dat die twee vereistes wel bevredig was nie, volg dit dat die appèl nie kan slaag nie.

Waarskynlik om bogenoemde rede ontbreek ook 'n omlýning deur die verhoorhof van sy bevinding dat die appellant hom nie so opsigtelik gemaak het as wat hy voorgegee het nie. Die mate waartoe die appellant wel opsigtelik was, indien enige, is egter van deurslaggewende belang in die verband onder bespreking.

Soos reeds genoem, sê die appellant dat hy in die gloed van sy motor se hoofligte en 'n oorhoofse straatlamp voor die geparkeerde voertuig stelling

/ingeneem ...

ingeneem het. Currie het dié voertuig gesien, en indien die appellant wel op die bewuste plek gestaan het, moes Currie hom gewaar het. Die weergawes van Currie en die appellant rakende hierdie aspek is daarom direk teenstrydig. Na my mening spreek die waarskynlikhede egter oorweldigend ten gunste van Currie se weergawe.

Die appellant sê dat volgens voorligting wat hy as polisieman ontvang het, hy geweet het dat terroriste waarskynlik nie geredelik sal oorgee nie en hul weg uit 'n bedreiging van hul vryheid sal probeer oopskiet. Hy sê ook dat hy bedag was op die moontlikheid dat handgranate na sy geparkeerde voertuig gegooi kon word. Hy verkondig voorts dat toe die bakkie by die stopteken stilhou en hy die reedsgenoemde bevel geskreeu het, hy besef het dat "daar ... 'n 100% kans [was] dat hulle my daar sou doodskiet", en dat hy geen twyfel hoegenaamd gehad het nie dat "die mense ... [my]

/... ..

... gaan afmaai." Nieteenstaande verkondig hy dat hy doodsveragkend oop en bloot in 'n helder ligkol stelling ingeneem het! Boonop staan hy aldus met sy pistool in sy skede tot nadat die bakkie vanaf die stopteken wegtrek en is hy dus nie eens in 'n posisie om die verwagte skote op hom in gelyke munt te beantwoord nie.

'n Mens hoef net die essensie van die weergawe te konstateer om dit sonder huiwering te verwerp. Dit is inherent onaanvaarbaar. Wat veel meer aanneemlik is in die lig van Currie se getuienis, is dat die appellant aan die linker voorkant van sy motor weggekruip het ten einde nie vir die vermeende terroriste sigbaar te wees nie, en eers begin skiet het nadat die bakkie in Collegeweg in 'n teenoorgestelde rigting begin wegdraai het.

Insoverre Mzila die appellant se weergawe onder bespreking steun, moet sy getuienis ook op grond

/van ...

van die inherente waarskynlikhede verwerp word. Die appellant het egter heel moontlik op 'n stadium voordat hy die bakkie in aantog in Park Drive opgemerk het, voor sy geparkeerde voertuig gestaan, en indien wel, pas dit in by Mzila se getuienis. Laasgenoemde het egter toe gaan wegkruip, was sekerlik vreesbevange, en het in alle waarskynlikheid nie daarna gesien wat gebeur het nie. Dit word bevestig deur die feit dat volgens hom (maar verkeerdelik) i) die bakkie nie by die stopteken stilgehou het nie, en ii) die appellant uit 'n staande posisie geskiet het.

Ek het sterk twyfel of die appellant ooit die beweerde waarskuwingskrete geuiter het, want dit sou volgens sy oortuiging die aandag op hom gevestig en tot spervuur op hom gelei het. Maar al het hy dit gedoen, kon hy nie redelikerwyse gedink het dat dit oor 'n afstand van bykans 40 meter hoorbaar sou wees vir die insittendes van die bakkie waarvan die

/enjin ...

enjin geluier het en trouens volgens die appellant met die wegtrek vanaf die stopteken kwaai gewentel het, terwyl hy nie eens waargeneem het of die vensters van die bakkie oop of toe was nie.

Die appellant het dus nie bewys nie dat vereistes (c) en (d) bevredig was, of dat hy redelikerwyse gemeen het dat dit wel die geval was. Derhalwe is hy tereg skuldig bevind en is dit onnodig om die ander vereistes te behandel. Ek kan egter noem dat ek akkoord gaan met die verhoorhof se bevinding dat die appellant nie redelikerwyse die insittendes van die bakkie van terroristiese bedrywighede kon verdink het nie. In dié verband hoef slegs gewys te word op die onaanneemlikheid dat terroriste op die hof sal skiet; sal vertrek en na 'n hele rukkie weer terugkeer om die aanval te hervat; daarna kruis en dwars in die omgewing agter die hof sal ry en 'n oorlog in die klein maak, en dan, met die stellige wete dat die polisie van hul

/bedrywighede ...

bedrywighede verwittig is en hulle naby die toneel moet bevind, ewe getroos en wetsgehoorsaam in die vroeë oggendure by 'n stopteken sal stilhou terwyl daar geen verkeer in Collegeweg in aantog is nie. Meer nog: op die appellant se weergawe van waar en hoe hy voor sy voertuig stelling ingeneem het sou enige redelike persoon in sy plek die stellige verwagting gehad het dat indien die insittendes van die bakkie terroriste was, hulle op hom, wat duidelik as polisieman kenbaar was, sou vuur terwyl die bakkie stilstaande by die stopteken was.

Die appèl word afgewys.

H.J.O. VAN HEERDEN AR

JANSEN AR

STEM SAAM

NESTADT WAR